**Laat My lammers wei (OP259)**

**Joh 21:15-25**

**17 Mei 2026**

Laasweek het ons begin kyk na die verskyning van die Here Jesus aan die dissipels by die See van Tiberias in Galilea. Terwyl die dissipels op die Here Jesus gewag het, het Petrus, en ook die ander dissipels by hom, besluit om te gaan visvang. Hulle het die heelnag niks gevang nie, maar die volgende oggend het die Here Jesus verskyn, aan hulle gesê om die net aan die regterkant van die skuit uit te gooi, en toe vang hulle baie vis. Johannes het die Here Jesus eerste herken. Die Here Jesus het aan hulle geleer as hulle voortaan vissers van mense gaan wees, gaan hulle steeds afhanklik van Hom wees – Hy sal die mense moet stuur wat hulle moet vang. Die Here Jesus het ook aan hulle ontbyt bedien, wetende dat hulle fisies en geestelik moeg was. Die dissipels kan daarom ook verseker wees wanneer hulle vissers van mense word, sal die Here Jesus ook liefdevol aan hulle voorsien dit wat hulle nodig het.

Vandag gaan ons voort met die oordenking van die gebeure daardie oggend by die See van Tiberias. Dit is die laaste gedeelte van Joh 21, en met ons oordenking hiervan bereik ons dan ook die einde van die Johannes-evangelie. Ek wil hierdie gedeelte oordink aan die hand van die volgende drie punte: (1) Die voorbereiding van Petrus vir sy rol as apostel (Joh 21:15-19), (2) Die voorbereiding van Johannes vir sy rol as apostel (Joh 21:20-23), en (3) Die dinge wat die Here Jesus gedoen het (Joh 21:24-25).

<u>Die voorbereiding van Petrus vir sy rol as apostel (Joh 21:15-19)</u>

Lees Joh 21:15. Dit is na ontbyt – die ontbyt wat die Here Jesus bedien het. Heelwaarskynlik was al sewe die dissipels teenwoordig in die gesprek wat nou volg. Die gesprek is egter hoofsaaklik tussen die Here Jesus en Petrus. Ter agtergrond moet ons onthou hoe dat Petrus by verskeie geleenthede in die verlede, ook in die teenwoordigheid van die ander dissipels, vol bravade allerlei uitsprake gemaak het, en ook met bravade opgetree het. Dink aan die geleentheid in die bovertrek toe die Here Jesus die dissipels se voete wou was. Toe het Petrus gesê die Here Jesus sal tot in ewigheid nie sy voete was nie (Joh 13:8). Later daardie aand het Petrus ook gesê hy sal sy lewe vir die Here Jesus aflê (Joh 13:37). Toe die Here Jesus later die nag gevange geneem is, was dit Petrus wat sy swaard uitgehaal het en die hoëpriester se slaaf se oor afgekap het (Joh 18:10). Maar die harde realiteit is dat dit ook juis Petrus is wat Hom daardie nag drie maal verloën het – en die Here Jesus het dit geweet – immers het Hy op daardie Vrydagoggend vir Petrus stip aangekyk. En sedertdien worstel Petrus hiermee – wat is die implikasie van sy verloëning? Ja, dit is so, sedert die Here Jesus se opstanding het die Here Jesus al verskeie kere aan Petrus verskyn: op Opstandingsondag nog voor die Here Jesus aan die ander dissipels verskyn het (1 Kor 15:5, Luk 24:34), ook die aand van Opstandingsondag toe hulle agter geslote deure vergader het, ook 'n week later op die volgende Sondag. Maar nêrens lees ons dat Petrus en die Here Jesus gepraat het oor sy verloëning nie. Ja, dit is seker moontlik dat hulle tydens die Here Jesus se privaat verskyning aan Petrus daaroor gepraat het – ons weet nie. Dit is egter so dat Petrus in die openbaar die Here Jesus verloën het. Die ander dissipels was sekerlik ook bewus daarvan. En daarom is dit ook nodig dat die ander dissipels moet kennis neem van die Here Jesus se beoordeling van Petrus se optrede, en wat die langtermyn gevolge daarvan gaan wees. Kan Petrus nog 'n dissipel wees? En nou leer ons meer hieroor – op hierdie oggend na ontbyt.

Die Here Jesus vra vir Petrus: "Simon, seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle?" Die Here Jesus spreek Petrus aan as "Simon" – dit is Petrus se naam voor hy as dissipel geroep is (Joh

1:42), dit was ook sy naam toe die Here Jesus in Luk 5:10 gesê het hy sal ‘n visser van mense word. Dit is asof die Here Jesus met hierdie aanspreekvorm Petrus wil terugneem na die begin van sy dissipelskap toe. Die Here Jesus vra aan Petrus, in die teenwoordigheid van die ander dissipels, of hy Hom liefhet - meer as hulle! Hierdie vraag van die Here Jesus sou geïnterpreteer kon word as sou die Here Jesus vir Petrus vra of hy die Here Jesus meer liefhet as wat Petrus die ander dissipels liefhet. Maat dit maak nie sin in die konteks van die hele boek nie. Nee, die Here Jesus wil van Petrus weet of Petrus die Here Jesus meer liefhet as wat die ander dissipels, wat daar sit, die Here Jesus liefhet. Immers was dit dikwels in die teenwoordigheid van die ander dissipels wat Petrus met bravade opgetree het. Immers weet die ander dissipels ook teen hierdie tyd dat Petrus die Here Jesus drie keer verloën het. Immers wil die Here Jesus daarom ook hê dat hulle almal saam sal kennis neem van hoe Hy oor hierdie optrede van Petrus oordeel.

Petrus se antwoord aan die Here Jesus is: “Ja, Here.” Gedurende Petrus se wroeging oor sy verloëning sedert daardie Vrydagoggend, het Petrus sekerlik homself dikwels die vraag afgevra: Waar staan ek met die Here Jesus? Is ek werklik lief vir Hom, al het ek Hom verloën? En Petrus se gevolgtrekking was: Hy is in sy hart oortuig hy is lief vir die Here Jesus. Maar, kan Petrus ook dink, is sy hart dalk bedrieglik? Immers was hy voor daardie Vrydag ook oortuig hy is lief vir die Here Jesus. Hy sou selfs sy lewe aflê vir die Here Jesus. Maar sy optrede daardie Vrydag het ‘n vraagteken geplaas agter sy oortuiging. Maar, na al die wroeging sedertdien, is hy steeds oortuig: Hy is lief vir die Here Jesus, selfs al het hy gefaal. Hy is so oortuig, hy roep selfs die Here Jesus in as getuie. Immers kan die Here Jesus in sy hart sien. Immers is die Here Jesus die Een wat selfs beter as hyself weet wat in sy hart aangaan. Daar, voor die ander dissipels, sê Petrus dus: “Ja, Here, U weet dat ek U liefhet.”

Geliefdes, dit is ‘n vraag waaroor ons elkeen persoonlik moet besin: Het ons die Here Jesus lief? Is ons bereid om in die openbaar voor ander gelowiges te bely: “Ja, Here, ek het U lief.” En is ons bereid om in die openbaar verder te gaan as dit: Is ons dan bereid om die Here Jesus as Getuie in te roep en te bely: “Ja, Here, U weet dat ek U liefhet”?

En dan reageer die Here Jesus op Petrus se antwoord. Hy sê: “Laat My lammers wei.” As Petrus gewonder het, of as enige van die ander dissipels gewonder het, of Petrus se verloëning hom gediskwalifiseer het as dissipel en van die belofte om ‘n visser van mense te word, is die Here Jesus se antwoord duidelik: “Nee!” Petrus het steeds ‘n groot verantwoordelikheid wat op hom wag: Hy moet die Here Jesus se lammers laat wei – hy moet hulle gaan versorg, hy het die verantwoordelikheid om die lammers pastoraal te gaan versorg. Immers, die Here Jesus is die goeie Herder van die skape. En Petrus het steeds die verantwoordelikheid om saam met die Here Jesus te werk deur die lammers te laat wei – hy is nie gediskwalifiseer nie. En by implikasie beteken dit die Here Jesus stem saam met Petrus: Petrus het die Here Jesus lief, Petrus se eie oordeel hieroor is reg.

Lees Joh 21:16. Vir ‘n tweede keer vra die Here Jesus basies dieselfde vraag aan Petrus: “Simon, seun van Johannes, het jy My baie lief?” Hierdie keer laat die Here Jesus die gedeelte weg waar Hy gevra het “meer as hulle” – hierdie keer is die Here Jesus se vraag nie oor Petrus se liefde op ‘n relatiewe skaal in vergelyking met die ander dissipels se liefde nie – nee, nou is die vraag of Petrus op ‘n absolute skaal die Here Jesus liefhet. Weer antwoord Petrus op dieselfde manier: “Ja, Here, U weet dat ek U liefhet.” Hierop reageer die Here Jesus met ‘n soortgelyke antwoord: “Pas My skape op.”

Lees Joh 21:17. Vir ‘n derde keer vra die Here Jesus dieselfde vraag aan Petrus: “Simon, seun van Johannes, het jy My lief?” Hierdie keer, lees ons, dat Petrus bedroef geword het. Ons lees hy het bedroef geword juis weens die feit dat die Here Jesus hom vir ‘n derde keer gevra het of hy Hom liefhet. Ek dink die kommentatore is reg wat redeneer Petrus het met die derde keer bedroef

geword, omdat dit hom spesifiek daaraan herinner het hoe hy drie maal die Here Jesus verloën het – nou wil die Here Jesus drie keer van hom weet: "Het jy My lief?" Hierdie keer antwoord Petrus: "Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet." Petrus erken: die Here Jesus weet alles. Ja, soos wat hy al vantevore gesê het: die Here Jesus weet dat hy Hom liefhet. Maar die Here Jesus weet ook meer as dit: Hy weet ook dat hy Hom drie maal verloën het. Hy weet alles. En tog, steeds antwoord die Here Jesus hierop met dieselfde antwoord: "Laat My skape wei." Ja, Petrus se verloëning is 'n werklikheid, maar Petrus se liefde vir die Here Jesus is ook 'n werklikheid. Al weet die Here Jesus dit alles, is Sy antwoord steeds: "Laat My skape wei."

Geliefdes, dit is so dat daar in hierdie gedeelte twee verskillende Griekse woorde gebruik word vir "liefhê": "agapao" en "fileo". Daar word dikwels geredeneer dat "agapao" 'n hoër en meer intensiewe liefde is as "fileo". Die Here Jesus gebruik in sy eerste twee vrae aan Petrus die woord "agapao", maar Petrus antwoord elke keer met "fileo" – wat die indruk kan skep dat Petrus nie bereid is om te erken hy het die standaard van liefde wat die Here Jesus verwag nie. In die Here Jesus se derde vraag, gebruik Hy egter ook "fileo", en Petrus antwoord weereens met "fileo". Daar word soms geredeneer die Here Jesus het met Sy derde vraag Sy verwagte standaard van liefde verlaag, siende dat Petrus in elk geval nie by die hoër vorm van liefde, agapao-liefde, kan uitkom nie. Ek stem saam met verskeie kommentatore wat nie hierdie interpretasie erken nie. Let op die volgende:

- Johannes gebruik dikwels in sy evangelie hierdie twee terme, "agapao" en "fileo", as sinonieme. In Joh 3:35 beskryf hy die liefde tussen die Vader en die Seun met die term "agapao", maar in Joh 5:20 beskryf hy dieselfde liefde tussen die Vader en die Seun met die term "fileo". Netso in Joh 11 gebruik Johannes ook beide "agapao" en "fileo" om die Here Jesus se liefde vir Lasarus te beskryf.
- Verder, as ons hierdie fyn onderskeid wil maak tussen "agapao" en "fileo", dan moet ons ook fyn onderskeid maak tussen "Laat My lammers wei", "Pas My skape op" en "Laat My skape wei". Ek is van oortuiging aldrie hierdie antwoorde aan Petrus is inhoudelik dieselfde: Petrus moet omsien na die Here Jesus se kudde van wie Hy die Opperherder is – om onderskeid te wil maak tussen "lammers" en "skape", of tussen "laat wei" en "oppas", is onnodig gekompliseerd.

Die punt is: Toe die Here Jesus Petrus as dissipel geroep het, het Hy aan hom beloof hy sal 'n visser van mense word. Gedurende Petrus se dissipelskap het hy dikwels die leiding in die dissipelgroep geneem, hy het dikwels vol bravade opgetree, hy het selfs aangedui hy is bereid om vir die Here Jesus te sterf, maar op daardie Vrydagoggend het hy gefaal: Hy het die Here Jesus drie maal verloën. Nou gee die Here Jesus drie maal aan Petrus die geleentheid om voor Hom en voor die dissipels te bely of hy die Here Jesus liefhet of nie. En Petrus se antwoord is drie maal dat hy wel die Here Jesus liefhet – selfs die Here Jesus weet dit. En drie maal bevestig die Here Jesus aan Petrus: Hy is nie gediskwalifiseer nie, hy het steeds 'n roeping – 'n besondere roeping – hy moet die Here Jesus se kudde oppas en versorg. Hy mag dit weet, en so ook die ander dissipels.

'n Belangrike punt wat ons moet raaksien, is dat sondeloosheid nie 'n vereiste is om diensbaar te mag wees in God se koninkryk nie. Dit is selfs nie 'n vereiste om 'n leier te wees nie. Dit was selfs nie 'n vereiste om 'n apostel te wees nie. En die rede waarom sonde nie iemand diskwalifiseer nie, is omdat die Here Jesus juis geregtigheid bewerk het vir die sondes van hierdie dienaars. Natuurlik moet sondes in hulle lewens hanteer word. Natuurlik moet hulle hulle daarvan bekeer. Natuurlik sal die Here Jesus hulle konfronteer wanneer hulle in sondes val – soos vir Petrus. Maar dit is nie noodwendig rede tot diskwalifikasie as 'n dienaar in God se koninkryk nie. Die dieper vraag is: is

daardie persoon wat diensbaar moet wees, werklik lief vir die Here Jesus – kan hy of sy self daarvan getuig na ‘n diepgaande persoonlike besinning daaroor, en is die persoon bereid om selfs die Here Jesus as Getuie te roep om te bevestig of hy of sy werklik lief is vir die Here Jesus? ‘n Gebrek aan liefde vir die Here Jesus sal iemand wel diskwalifiseer om diensbaar te wees in Sy koninkryk.

Lees Joh 21:18-19. Die Here Jesus gaan voort in Sy gesprek met Petrus. Hy sê: “Amen, amen” – d.w.s. dit wat hierop volg is belangrik en Petrus moes deeglik kennis neem van wat die Here Jesus nou nog byvoeg. Die Here Jesus sê vir Petrus: As ‘n jong man sal Petrus die vryheid hê om self te kan rondbeweeg en te kan gaan waar hy wil gaan – natuurlik terwyl hy gehoorsaam is aan die opdrag wat die Here Jesus aan hom gee om die skape te laat wei. Maar, Petrus kan ook verwag, dat wanneer hy ouer word, sal hy nie meer hierdie vryheid hê nie. Dan sal ander hom bring na waar hy nie noodwendig self wil wees nie. Die Here Jesus waarsku Petrus dan sal ander selfs verwag dat hy sy hande moet uitsteek. Johannes interpreteer hierdie woorde van die Here Jesus as ‘n aanduiding van die dood wat Petrus sou sterf. Die feit dat ander sal verwag dat Petrus sy hande sal moet uitsteek, is ‘n beskrywing dat Petrus kon verwag om gekruisig te word – hy sal sy hande moet uitsteek om aan ‘n kruishout vasgemaak te word. Kan ek jou herinner aan die bovertrekgesprek in Joh 13:36-38: Tydens daardie gesprek, na die Here Jesus aangedui het Hy gaan weg, wou Petrus weet waarheen Hy gaan. Die Here Jesus het geantwoord Petrus kan Hom nie direk volg nie – maar later sal hy wel die Here Jesus volg. Petrus was ietwat verontwaardig, en wou weet hoekom hy dit nie nou kon doen nie – immers hy sal selfs sy lewe vir die Here Jesus aflê. Maar die Here Jesus het Petrus se entoesiasme gedemp – Petrus sou voor die volgende oggend Hom drie keer verloën. Nou, hier in Joh 21, is dit duidelik dat Petrus toe wel die Here Jesus verloën het, maar die Here Jesus het Petrus herstel in sy rol – immers is Petrus lief vir die Here Jesus. En nou sê die Here Jesus Petrus sal Hom volg op die pad wat die Here Jesus sedertdien geloop het: Petrus sal ook gekruisig word, soos die Here Jesus. Maar Hy spoor ook steeds vir Petrus aan: “Volg My!” – selfs al is kruisiging waartoe Petrus se volgelingskap sal lei.

Teen die tyd dat Johannes sy evangelie skryf, het Petrus reeds gesterf na hy vir ‘n lang tyd ‘n groot rol in die Nuwe Testamentiese kerk gespeel het deur juis die skape op te pas. Hy het ook juis ‘n martelaarsdood gesterf – soos die Here Jesus gesê het. Dink daaraan: vir dekades het Petrus die Nuwe Testamentiese kerk versorg en die skape opgepas – wetende dat die Here Jesus aangedui het hy sou ook gekruisig word. Ondanks die wete, het Petrus volhard. Ons moet raaksien: Petrus het werklik die Here Jesus liefgehad – soos hy daardie oggend bely het. Hou dit in gedagte, en lees nou saam met my wat Petrus in 1 Pet 4:12-16 geskryf het. Lees dit. Vir ‘n Christen om te ly juis weens die feit dat hy ‘n Christen is, is volgens Petrus nie iets om oor verbaas te wees nie. Gelowiges het immers ook deel aan die lyding van Christus. Maar die doel van hierdie lyding, is sodat hulle uitbundig kan jubel by die bekendmaking van die Here Jesus se heerlikheid – dit is met Sy wederkoms.

Sien jy die punt? Direk met Petrus se roeping as dissipel het die Here Jesus aangedui hy gaan ‘n visser van mense word – sy naam is verander van Simon na Petrus, want hy sou die rots wees waarop die kerk gebou word. Petrus se geaardheid het gepas by hierdie rol wat hy moes vervul: hy was vol bravade, hy was uitgesproke, hy het as leier opgetree, hy het dinge gedoen. Maar hy was nie foutloos nie – hy het ook die Here Jesus verloën. Dit het gelei tot ernstige innerlike worsteling – maar die uitkoms was: Petrus was oortuig, hy het die Here Jesus lief. Selfs die Here Jesus was hiervan oortuig. Drie maal bevestig die Here Jesus Petrus se rol, maar hy word ook gewaarsku dat hy lyding en selfs ‘n martelaarsdood kan verwag. Vir dekades bly Petrus getrou, wetende wat wag. In ‘n sekere sin moet ons raaksien: selfs sy verloëning van die Here Jesus, het daartoe gelei dat Petrus deeglik voorberei is vir die rol wat hy moes vervul. Dit was toe dat hy werklik oortuig geword het van sy liefde vir die Here Jesus. En sedertdien het hy nie weggeloop van die Here Jesus nie – selfs nie toe hy

‘n martelaarsdood moes sterf nie. Nee, hy is behoorlik voorberei vir sy rol as apostel. En dit alles het gelei tot die groei van God se koninkryk, en ook die verheerliking van die Here self.

<u>Die voorbereiding van Johannes vir sy rol as apostel (Joh 21:20-23)</u>

Lees Joh 19:20-21. Dit lyk of die Here Jesus en Petrus gaan stap het na die vorige gesprek. En Johannes het hulle gevolg. Teen die tyd weet ons dat Petrus en Johannes baie naby aan mekaar was – dink maar net aan die bovertrekgesprek toe Petrus juis vir Johannes beduie het om vir die Here Jesus te vra wie Hom sal verraai. Daarom, nadat Petrus sopas gehoor het watter dood hy gaan sterf, terwyl hy en die Here Jesus stap, en toe hy opmerk Johannes is besig om hulle te volg, vra Petrus aan die Here Jesus: “Here, maar wat van hom?”

Lees Joh 21:22. Die Here Jesus se antwoord aan Petrus is: “As Ek wil dat hy bly totdat Ek kom, wat het dit met jou te doen? Volg jy my!” In effek sê die Here Jesus aan Petrus dit het niks met hom te doen nie. Presies hoe die Here Jesus met Johannes gaan werk, is nie Petrus se besigheid nie. Petrus moet fokus op sy eie volgelingskap van die Here Jesus en wat die Here Jesus van hom verwag. Ja, die Here Jesus gaan ook met Johannes werk en hom gebruik – maar dit gaan nie noodwendig op dieselfde manier wees as wat die Here Jesus met Petrus werk nie. En Petrus moet nie verder sy kop hieroor breek nie – hy moet eerder fokus op wat die Here deur hom wil vermag.

Lees Joh 19:23. Johannes maak nou die opmerking dat die Here Jesus se woorde aan Petrus oor Johannes destyds geïnterpreteer is as sou dit beteken dat Johannes nie sou sterf voordat die Here Jesus weer kom nie. Johannes maak egter duidelik dat dit nie is wat die Here Jesus gesê het nie – al wat die Here Jesus gesê het, was dat al sou dit wees wat dat die Here Jesus wou hê moes gebeur, dan het dit steeds niks met Petrus uit te waai nie. Die stelling se doel was dat Petrus op sy eie werk moet fokus, en nie op wat met Johannes gebeur nie. Al sou Petrus ‘n martelaarsdood moes sterf, en al sou Johannes bly lewe tot met die wederkoms, is dit nie vir Petrus om hom hieroor te bekommer nie. Maar die Here Jesus het nie gesê dat Johannes sal bly leef tot met die wederkoms nie.

Maar nou moet ons onthou: Teen die tyd dat Johannes sy evangelie skryf, was Petrus, en waarskynlik ook die meeste van die ander apostels, alreeds dood. En Johannes was ook al oud. Daarom is Johannes bekommerd oor wat sal gebeur as hy ook sterf – as mense dan steeds die valse gerug glo dat hy nie sou sterf voor die Here Jesus se wederkoms nie, gaan dit baie verwarring tot gevolg hê – en daarom onderstreep Johannes dat dit eenvoudig nie die punt van die Here Jesus se stelling was nie.

Maar kom ons dink nou so ‘n bietjie verder oor die pad wat die Here Jesus met Johannes gestap het, soos wat ons vroeër gedink het oor die pad wat die Here Jesus met Petrus gestap het. Alhoewel hy en Petrus geheg was aanmekaar, was hulle twee verskillende persone met verskillende geaardhede. Ons het laasweek al opgelet, Johannes was meer van ‘n denker. Hy het dikwels gebeure beter verstaan voordat Petrus dit verstaan het: By die graf was dit Johannes wat eerste verstaan het wat die leë graf met die linnedoeke beteken. Vroeër hierdie oggend was dit Johannes wat eerste verstaan het die onbekende Man op die strand was die Here Jesus. Dink nou verder aan die geskiedenis van die Nuwe Testamentiese kerk. Hier is dit baie duidelik dat Petrus ‘n groot rol speel – definitief ‘n meer prominente en leidende rol as Johannes. Dit is eers baie later wat Johannes na vore tree. Teen die jare 80-90 nC is Petrus reeds oorlede. Die ander evangelies is reeds geskryf. Paulus se briewe is ook alreeds geskryf. Teen daardie tyd is daar allerlei valse leringe wat begin posvat. Dit is dan wat die denkende Johannes na vore tree. Dit is asof hy deur die loop van die jare kennis geneem het van alles wat in die kerk en ook in die wêreld gebeur – hy dink oor alles na. En dan begin hy skryf: Hy skryf sy evangelieboek, wat aanvullend is tot die ander drie evangelies – maar

die doel is juis om te onderstreep die Here Jesus is die Christus en die Seun van God – juis gemik teen die valse leringe van daardie tyd. Hy skryf sy briewe – juis om te waarsku teen valse leringe. En natuurlik is dit juis aan Johannes wat die Here Jesus die opdrag gee om die boek Openbaring neer te skryf – daardie Johannes wat deeglik oor alles kon nadink, wat die vermoë het om na gebeure te kyk en die betekenis daarvan te verstaan – hy mag Openbaring skryf. Daar was belangrike werk wat Johannes moes doen nadat Petrus en Paulus hulle verantwoordelikhede reeds vervul het.

Die belangrike punt om raak te sien is dat die Here Jesus twee dissipels gekies het wat baie van mekaar verskil het. Hulle het verskillende persoonlikhede, hulle tree op verskillende maniere op, hulle het verskillende verantwoordelikhede. Hulle lewens verloop op verskillende maniere. Maar beide vervul 'n baie belangrike rol in die vestiging van die Here God se koninkryk. Ons moet dit ook in gedagte hou: Die Here God gebruik steeds verskillende mense met verskillende geaardhede en verskillende gawes om Sy kerk te bou en te versorg.

<u>Die dinge wat die Here Jesus gedoen het (Joh 21:24-25)</u>

Lees Joh 21:24. In hierdie vers het ons 'n goeie aanduiding van wie die Johannes-evangelie geskryf het – dit was "daardie dissipel", en "daardie dissipel" is die dissipel vir wie die Here Jesus liefgehad het, volgens vers 20. En ons weet dat dit Johannes was.

Vers 24 is een van die verse in die Bybel waaroor baie geskryf word, en waaroor baie meningsverskil bestaan. Een van die punte van debat is wie die "ons" is waarvan in hierdie vers gepraat word – die "ons" wat weet dat die getuienis van die dissipel vir wie die Here Jesus liefgehad het, geloofwaardig was. Ek beplan nie om in detail hieraan aandag te gee nie. Ek gaan volstaan deur te sê dat daar verskillende moontlikhede is: Een moontlikheid is dat Johannes steeds na homself verwys. Kyk byvoorbeeld na Maria Magdalena se uitspraak in Joh 20:2 waar sy sê: "Hulle het die Here uit die graf weggevat, en <u>ons</u> weet nie waar hulle Hom neergelê het nie" – Wie is daardie "ons"? Dit kan seker na Maria Magdalena en die ander vroue verwys wat volgens die ander evangelies ook graf toe gegaan het – maar Johannes het geen aanduiding gegee dat daar ander vroue saam met haar was nie – tog gebruik hy die term "ons". Netso: Miskien bedoel Johannes met die "ons" hyself. 'n Ander moontlikheid is dat vers 24 eerder deur iemand anders geskryf is, byvoorbeeld die ouderlinge in Efese – en hulle getuig nou dat Johannes se getuienis geloofwaardig is. Ek is nie werklik in 'n posisie om 'n uitspraak hieroor te maak nie – en ek laat die saak dus daar.

Lees Joh 21:25. Ek aanvaar steeds dat hierdie vers ook deur Johannes geskryf is – al is daar ook baie debat of dit inderdaad die geval is. Weereens laat ek dit daar. Ons bereik hier die einde van die Johannes-evangelie. En die punt van die vers is dat die Johannes-evangelie nie naastenby alles beskryf wat die Here Jesus gedoen het nie. Wel, toe ons oor Joh 20:30 gepraat het, het ons daarop gelet dat Johannes sorgvuldig gekies het watter gebeure en leringe van die Here Jesus hy wel ingesluit het – hy het gekies om sodoende juis die punt te maak dat die Here Jesus die Christus is, en dat Hy die Seun van God is, en dat ons deur geloof in Hom die lewe in Sy Naam kan hê. Daarom is ons nie verbaas om te lees daar is nog baie dinge wat Jesus gedoen het wat nie hier beskryf is nie. Die verstommende is egter dat Johannes die punt maak dat hy dink as alles wat die Here Jesus gedoen het, wel een vir een neergeskryf word, dan sou die wêreld nie al die boekrolle kon bevat wat daarin geskryf staan nie. Hoe moet ons dit verstaan? Bedoel Johannes dit letterlik? Of is dit eerder net by wyse van spreke – bedoelende daar is nog baie dinge wat die Here Jesus gedoen het?

Wel, kom ons dink daaroor:

- Al vier evangelies fokus veral op die Here Jesus se periode van openbare optrede – ja, daar is 'n beskrywing van Sy geboorte, maar dit is beperk. Maar selfs gedurende die periode van Sy

openbare optrede is daar sekerlik baie gebeure wat nie opgeteken is nie. Ons lees byvoorbeeld Hy het al die siekes wat na Hom gebring is, gesond gemaak – heelwat meer sou geskryf kon word om dit alles te beskryf.

- Dink aan Sy lewe voor Sy openbare optrede – daar is baie dinge wat beskryf sou kon word.
- Dink aan die drie ure van duisternis aan die kruis – ons weet net die hooftrekke van wat daar gebeur het. Dink aan die periode wat Hy in die graf was – wat presies het daar gebeur? Dink aan die periode na Sy opstanding – ons weet net van 'n paar insidente waar Hy aan Sy dissipels verskyn het. Hier is baie meer waaroor geskryf sou kon word.
- Maar daar is soveel meer: Die dinge wat die Here Jesus doen, is nie net beperk tot die periode wat Hy hier op aarde was nie: Hy is die Een deur wie God alles geskep het. Hoe graag sou ons nie meer wou weet van wat presies gebeur het tydens die skeppingsgebeure nie?
- Maar die Here Jesus het nie eers met die skepping begin dinge doen nie – Hy is van ewig af. Wat het Hy toe gedoen?
- Die Here Jesus sit nou aan die regterhand van die Vader. Aan Hom is alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Hy is in beheer van die wêreldgeskiedenis – die lewe van elke persoon, elke dier, elke plant, elke besluit in elke regering en in elke besigheid. Terselfdertyd is Hy in beheer van die heelal – ons sukkel om net die grootheid van die heelal te begryp – Hy beheer dit, stuur dit.
- Hy verstaan presies die detail van die Here God se raadsplan.

Ek dink Johannes is reg: As dit alles een vir een neergeskryf moes word – sal die wêreld te klein wees om die boekrolle te bevat. En selfs al die datasentrums en cloud-stoorkapasiteit regoor die wêreld heen sou ook te klein wees.

Die verstommende is: Dit is Hy wat ons Herder is: Hy ken elkeen van Sy kinders op hulle naam. Hy het vir hulle geregtigheid bewerk. Maar as dit nodig is, bedien Hy selfs aan hulle ontbyt. Hy gebruik hulle elkeen met hulle unieke gawes op 'n unieke manier om juis te doen wat Hy gedoen wil hê. En ons moet by Johannes leer om ons oë oop te hou – sodat ons kan raaksien hoe en waar Hy orals besig is om te werk. En dan sal ons baie rede hê om Hom te verheerlik.